# HILLCREST HIGH SCHOOL

## AFRIKAANS EERSTE ADDISIONELE TAAL

### JUNIE EKSAMEN - VRAESTEL 3

**GRAAD 12**

**TYD: 2 UUR**
**PUNTE: 100**

HIERDIE VRAESTEL BESTAAN UIT 9 BLADSYE

## INSTRUKSIES EN INLIGTING

1. Hierdie vraestel bestaan uit DRIE afdelings.

| | | |
|---|---|---|
| AFDELING A: | Opstel | (50) |
| AFDELING B: | Langer transaksionele tekste | (30) |
| AFDELING C: | Korter transaksionele tekste | (20) |

2. Beantwoord EEN vraag uit ELKE afdeling.

3. Begin elke afdeling op 'n bladsy.

4. Jy moet al jou skryfstukke beplan, redigeer en proeflees. Die beplanning moet VOOR die finale weergawe klaar oorgeskryf word, gedoen word.

5. Die beplanning moet duidelik aangedui word. Trek 'n streep deur die beplanning as jy jou finale weergawe klaar oorgeskryf het.

6. Doen jou beplanning in potlood.

7. Nommer elke teks soos wat dit op die vraestel genommer is.

8. Gee al jou skryfstukke 'n titel.

9. Onthou om jou getal woorde onderaan die skryfstukke aan te dui.


10. Skryf netjies en leesbaar.

## AFDELING A: OPSTEL

### VRAAG 1

- Kies EEN van die volgende opdragte en skryf 'n opstel van ongeveer **250-300** woorde daaroor.
- Daar moet duidelike bewyse van BEPLANNING wees. Dit sluit in redigering en proeflees.

1.1 Verhalende opstel




[50]

**OF**

1.2 Beskrywende opstel

DIT IS EK!!

Dink aan die volgende:

- Hoe sou jy jouself aan iemand beskryf?
- Moenie net aandag aan jou uiterlike gee nie.
- Wat is jou drome, ideale, vrese, ens?
- Wat dink jy is jou goeie en negatiewe eienskappe?

[50]

**OF**

1.3 Beredenerende opstel


**"Om gelukkig te wees is 'n keuse, en het niks te doen met jou omstandighede nie."**

Stem jy saam met bogenoemde stelling? Verduidelik waarom jy so sê. [50]

**OF**

1.4 Argumenterende opstel

**Geld en besittings het mense se god geword.**




*Mense wil altyd meer en beter hê en is nie tevrede met wat hulle het nie.* Stem jy saam met hierdie stelling? Motiveer hoekom jy saamstem / nie saamstem nie. [50]

**OF**

## 1.5 Beskrywende / Bespiegelende opstel

**TEGNOLOGIE VERANDER DIE LEWE**



*Tegnologie het die lewens van mense wêreldwyd verander.* Ons werk op rekenaars, praat oor selfone, kyk elke dag televisie, hou ons kos in yskaste koud, onderneem ruimtevaarte, ensovoorts.

**Beskryf hoe tegnologie ons lewens verander het.**

Dink aan:


- Hoe was ons lewe sonder tegnologie?
- Watter tegnologiese dinge het ons lewens verander?
- Hoe het dit ons lewens verander?
- Watter tegnologiese dinge dink jy wag daar nog in die toekoms?

[50]

**OF**

1.6 Kies EEN van die volgende visuele tekste en skryf 'n opstel daaroor. Gee jou opstel 'n titel.


1.6.1



[50]

**OF**

1.6.2



[50]

**OF**

1.6.3



[50]

**TOTAAL AFDELING A: [50]**

## AFDELING B: LANGER TRANSAKSIONELE TEKS

VRAAG 2

- Kies EEN onderwerp en skryf 120-150 woorde daaroor.
- Skryf die nommer en die titel van die onderwerp wat jy kies, b-oaan die skryfstuk neer.
- Daar moet duidelike bewyse van beplanning en redigering wees.

### 2.1 Dialoog

Jy is uitgenooi na 'n 21ste verjaarsdagpartytjie. Jou ouers hou glad nie van die ouer persoon met wie jy saamgaan na die partytjie nie. Hulle is ook ongelukkig dat die meeste van die mense by die partytjie ouer as jy is.

Skryf die DIALOOG tussen jou en jou ouers waarin jy hulle op 'n mooi manier probeer oorreed om hulle toestemming te gee. [30]

**OF**

### 2.2 Vriendskaplike brief

Jy het 'n besonderse geskenk by jou ouers / ouma / oupa / maat gekry wat jou hart so bly gemaak het.

Skryf nou 'n brief om die persoon vir die besondere geskenk te bedank.

Dink aan:

- Wat was hierdie besondere geskenk?
- Hoekom is hierdie geskenk so besonders? [30]

**OF**

## 2.3 Toespraak

Jy is een van jou skool se leiers en is gevra om 'n toespraak by die skool se f inale prysuitdeling te lewer.

Skryf nou hierdie toespraak neer.

Dink aan:

- Wat het die skool vir julle as groep beteken?
- Watter ervarings het julle as groep ervaar?
- Watter goeie wense wens jy die groep vir die toekoms toe? [30]

**TOTAAL AFDELING B : [30]**

# AFDELING C: KORTER TEKSTE

## VRAAG 3

- Kies EEN onderwerp en skryf 80-100 woorde daaroor.
- Skryf die nommer en die titel van die onderwerp wat jy kies, boaan die skryfstuk neer.
- Daar moet duidelike bewyse van beplanning en redigering wees.

## 3.1 Dagboekinskrywing

Dit is die aand voor jou matriekdans! Skryf jou gevoelens in jou dagboek neer.

Dink aan:


- Jou keuse van klere vir die aand.
- Wat jy wil doen aan jou voorkoms?
- Die persoon wat saam met jou gaan.
- Die voertuig waarin jy/julle by die funksie gaan aankom
- Wat hoop jy gaan op die spyskaart wees?
- Die partytjie na die matriekdans. [20]

**OF**

## 3.2 Poskaart

Jou pa of ma het vir jou geld gegee sodat jy op die skool se sporttoer kan gaan. Jy is nou op die toer en wil hulle van jou ervarings vertel. Skryf 'n poskaart waarin jy vir hulle vertel.

Teken die poskaart in jou antwoordboek en skryf dan iets van jou toer daarop.




[2o]

**OF**

## 3.3 Nota

Jy kan nie vandag die sportoefening na skool bywoon nie. Skryf 'n kort nota aan die afrigter waarin jy hom/haar inlig. Sê ook waarom jy dit nie kan maak nie. [20]

Totaal AFDELING C: [20]

**TOTAAL VIR HIERDIE VRAESTEL : [100]**